

Titel: Armageddon
Pastoor: De Waal Esterhuizen
Datum: 19 Junie 2011
Tyd: 09h30



1. Eskatologie

- Wegraping
- 7 jaar verdrukking
- Jesus kom terug
- 1000 jaar Millennium
- Oordeelsdag
- Nuwe Hemel en nuwe aarde

1 Thes 4:13-18

¹³ Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. ¹⁴ Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. ¹⁵ Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. ¹⁶ Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. ¹⁷ Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. ¹⁸ Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.

Matt 24:29-31

²⁹ En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. ³⁰ En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. ³¹ En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

Open 11:15-19

¹⁵ En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. ¹⁶ En die vier en twintig ouderlinge wat voor God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê: ¹⁷ Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het. ¹⁸ En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf. ¹⁹ En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael.

1 Kor 15: 50-53

⁵⁰ Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie. ⁵¹ Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, ⁵² in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. ⁵³ Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.

2. Syferkunde

- 4;7;12;666;1000;144000 - Letterlik vs figuurlik
- 10 000 man vs vee op 'n duisend heuwels
- 144000 – Openb 7:4-9 ; 14:1-5
- 666 Openb 13:16-17
- Tyd tye en 'n halwe tyd, 42 maande, 1260dae

3. Wegraping

- Nie so 'n woord in die Bybel
- Oogwink
- Ontmoet die Here in die wolke

Matt 24:37-42

³⁷ En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.³⁸ Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, ³⁹ en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. ⁴⁰ Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. ⁴¹ Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat. ⁴² Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie.